# 40 DAE VAN FOKUS

**'N PROJEK MET:**

**"DIE DOELGERIGTE LEWE" VAN RICK WARREN**

**VIR KLEINGROEPE**

(Video Gebaseerde Handleiding)

# MY OMGEEGROEP- NAAMLYS

| NAAM | TELEFOON | ADRES / E-POS |
|---|---|---|
| 1 | | |
| 2 | | |
| 3 | | |
| 4 | | |
| 5 | | |
| 6 | | |
| 7 | | |
| 8 | | |
| 9 | | |
| 10 | | |
| 11 | | |
| 12 | | |
| 13 | | |
| 14 | | |

# AGTERGROND

Die SADDLEBACK BYBELSTUDIE-REEKS is ontwikkel as ‘n kursus vir omgeegroepe. Dit is vir jou en jou groeplede ontwerp om groter geestelike welsyn en balans in julle lewens tot stand te bring. Elke studieonderwerp sal die vyf Bybelse beginsels van die Kerk, soos gevind in die Groot Gebod (Matteus 22 : 36- 40) en die Groot Opdrag (Matteus 28 :19-20), ontwikkel.

Hierdie studies het ontstaan deur die ywer van baie mense by Saddleback Kerk. Saddleback Kerk se leraars, personeellede, tegniese ondersteuningspan, omgeegroepleiers en nog vele meer het baie maande lank hulle kundigheid, visie en ondersteuning aan hierdie projek gewy.

Ons bid dat julle die SADDLEBACK BYBELSTUDIE-REEKS van groot waarde sal vind en dat jy, jou groep en julle gemeente die VYFVOUDIGE DOEL wat God vir julle lewens het, sal ontdek.

Saddleback Kerk

© Copyright 2002 Saddleback Church
1 Saddleback Parkway
Lake Forest, CA 92630
Edition 1.0

All rights reserved. No part of this book may be reproduced, stored in a retrieval system, or transmitted in any form, without the written permission of Saddleback Church.
Published by Saddleback Church.

COPYRIGHT NOTE: Saddleback Church hereby authorizes all recipients of the 40 Days of Purpose Resource CD to reproduce the study guides for the use of their groups or classes. This permission is limited to internal use only; these materials may not be distributed or electronically forwarded to any other church or external recipient.

# VOORWOORD

Jy het so pas ‘n kragtige stuk gereedskap oopgemaak. Dit lyk nie soos ‘n stuk gereedskap nie, dit voel nie soos ‘n stuk gereedskap nie en dit het ook nie ‘n kragkabel nie, maar dit is verseker ‘n stuk gereedskap. Hierdie werktuig is ontwerp vir jou, ‘n doodgewone Christen, die soort Christen wat opreg daarna smag om vir God te leef en tog sukkel om op koers te bly. As jy die soort Christen is wie se lewe baie besig en vol is, maar tog nie altyd vervul is nie, is hierdie stuk gereedskap vir jou.

Hierdie kursus is soos enige ander gereedskap : dit moet gebruik word. Begin hierdie gereedskap gebruik en dit sal in jou en jou groep se lewens vrugte dra. Hierdie Doelgerigte Lewe- kursus mag nuwe insigte vir jou bring, maar ons moedig jou aan om dit te toets. ‘n Stuk gereedskap is eers effektief as dit gebruik word vir die doel waarvoor dit ontwerp is.

- Delf dieper in die Woord van God

  Elk van die ses lesse in hierdie kursus sluit ‘n studie van ten minste een kerngedeelte in die Bybel in. Hierdie interaktiewe studie leen hom nie net tot die bespreking van die gedeelte in die Bybel nie, maar bied ook die praktiese toepassing van dié gedeelte. Diepgaande geestelike groei word beleef as ‘n groep nie net deur die boodskap van die gedeelte gewerk het nie, maar ook die betekenis daarvan vir hul eie lewens besef.

- Gemeenskap bou

  Geen volgeling van Christus was bedoel om in isolasie te leef nie.Die Bybel praat nie van alleenlopende gelowiges nie. God praat meer as 50 keer in die Nuwe Testament van ‘n “vir mekaar” soort geloof. Een van die groot waardes van ‘n groepslewe is dat jy jou bevind in ‘n praktiese laboratorium waarin Nuwe Testamentiese Gemeenskap beleef kan word. In ‘n groep kan jy “behoort aan” en mense hê met wie jy jou lewe kan deel.

- Verskerp jou fokus op God se doelstellings.

  ‘n Unieke eienskap van hierdie stuk gereedskap is dat dit al vyf oogmerke van God virjou lewe, in jou groepsbelewenis, balanseer. Groepe fokus net op gemeenskap of word slegs ‘n Bybelstudiegroep as hulle nie doelbewus daarop konsentreer om al vyf doelstellings in te sluit nie. Hierdie studie is ontwerp om ‘n honger te skep en ‘n passie te kweek om al God se bedoelings vir Sy kinders, uit te leef.

Gryp dit aan. Moenie daarvoor bang wees nie. Benut dit. Laat dit jou verander en aanspoor. God het julle groep saamgestel. Hy wil elke groeplid saam met hierdie gereedskap, in jou lewe gebruik. Hy wil jou ook in hul lewens gebruik. Bid dus vir jou groep en kom na die groepsbyeenkomste, gereed om deel te neem. Mag jou lewe ontwikkel sodat jy God behaag.

# INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| My Omgeegroep Naamlys | 2 |
| Agtergrond | 3 |
| Voorwoord | 4 |
| Inleiding tot die Saddleback Bybelstudie-Reeks | 6 |

OMGEEGROEP BYEENKOMSTE

| | |
|---|---|
| Sessie 1: Wat op Aarde doen ek nou eintlik hier | 8 |
| Sessie 2: Aanbidding – Jy is vir God se behae geskep | 16 |
| Sessie 3: Gemeenskap – Jy is vir God se familie geskep | 21 |
| Sessie 4: Dissipelskap – Jy is geskep om soos Christus te word | 26 |
| Sessie 5: Bediening – Jy is geskep om God te dien | 31 |
| Sessie 6: Evangelisasie – Jy is as ‘n boodskapdraer geskep (Sending) | 36 |

OMGEEGROEP BRONNE (Bylae)

| | |
|---|---|
| Doelgerigte Groepsooreenkoms | 41 |
| Vrae wat gereeld gevra word | 42 |
| Omgeegroep Kalender | 43 |
| Doelgerigte Welstands-waardebepaling | 45 |
| Doelgerigte Welstandsplan | 46 |
| Omgeegroep Gebeds- en Dankverslag | 47 |
| Leierskap Opleiding | 48 |
| Wenke vir Leiers | 49 |
| Omgeegroep Leierskap 10l | 50 |
| Geheueverse | 52 |

# INLEIDING TOT DIE SADDLEBACK BYBELSTUDIE-REEKS

## Die Gebruik van die Saddleback Bybelstudie-Reeks in julle Omgeegroep

Oorsig oor elke sessie. Jy begin ‘n lewensveranderende ondervinding in jou omgeegroep beleef. Ons lewens word ver bo ons verwagtings verryk wanneer ons God se Woord saam met ander gelowiges bestudeer.

Hierdie studiegids gaan julle groep help om God se vyfvoudige doel vir julle lewens te ontdek en te versterk terwyl julle die Bybel saam bestudeer. Die formaat van die studiemateriaal het dié unieke eienskap dat dit hierdie vyf doelstellings in elke les insluit. Jy sal die besondere doel van elk van die volgende afdelings in die studiemateriaal herken. Die formaat van elke sessie is as volg :

**KONTAK MAAK (GEMEENSKAP)**
Die grondslag vir geestelike groei is ‘n intieme verbondenheid met God en Sy familie. Die vrae in hierdie afdeling sal jou help om die lede van julle groep te leer ken sodat julle ‘n samehorigheidsgevoel sal beleef – ‘n familie gevoel.

**GROEI ( DISSIPELSKAP)**
Hierdie opwindende afdeling stel ‘n nuwe metode aan baie van julle voor, naamlik video-lesse. Tydens elke week se byeenkoms sal julle na Pastoor Rick Warren se lering op ‘n video kyk. Ons vra julle om die oorsig in julle studiegidse te volg, asook in julle Bybels. Bespreek die vrae wat na die video-les volg. Die vrae is so beplan dat jy ‘n dieper begrip van die Bybel sal hê, en om jou te help om te sien hoe die waarhede van die Bybel jou lewe kan beïnvloed.

**Geheuevers** – In elke sessie is ‘n vers om te memoriseer. Dit is ‘n uitdaging vir jou om dieper in jou geestelike wandel met God te groei . Die geheuevers is ook ingesluit op bladsy 57 van die Omgee Groep Bronne - afdeling . Jy mag hierdie bladsy uitskeur en die verse uitknip om in jou beursie te dra sodat jy dit te alle tye byderhand het vir gebruik.

**DIEN (BEDIENING)**
Niks is meer vervullend as om jou Godgegewe gawes te gebruik, om ander in God se familie te bedien en te help om in hul behoeftes te voorsien nie. Hierdie afdeling sal daardie begeerte ‘n realiteit help maak. Jy sal aangemoedig word om jou unieke gawes te ontdek en uitgedaag word om pogings aan te wend om dié binne en buite julle groep te bedien.

**DEEL ( EVANGELISASIE)**
Die gedagte om jou geloof te deel kan angswekkend en ongemaklik wees. Sulke gevoelens is algemeen en verstaanbaar. Maar God kan en wil jou gebruik om hulle rondom jou vir Christus te bereik. Die DEEL-afdeling is beplan om vir jou en jou groep praktiese, hanteerbare wenke te gee oor hoe om Christus met ander te deel, sodat dit deel van jou lewe kan word.

**AANBIDDING**

Jy is geskep vir God se behae. In elke omgeegroep-byeenkoms sal jy die geleentheid kry om jou hart aan God oor te gee en om jou aanbidding teenoor Hom te betuig. Jy sal in hierdie afdeling voorgestel word aan verskillende maniere van omgeegroep-aanbidding, insluitende gebed, samesang en om te deel wat God in jou lewe doen. Hierdie deel van julle byeenkoms kan groot waarde hê vir julle groep. As sing en bid in ‘n groep vir jou nuut is, voel vry om nie deel te neem nie, totdat jy gemaklik voel daarmee.

**Verdere Studie**

As jou groep meer Bybelstudie wil doen en julle het tyd, voorsien ons twee tot drie verdere vrae om te bespreek. Dit is opsioneel.

**Voorbereiding vir Volgende Week**

Hierdie afdeling is vir groepe of individue wat meer studie gedurende die week wil doen. Jy kan hierdie vrae aanwend om Skriftuurlik dieper te soek, na te dink oor die lesse of teken jou gedagtes aan in ‘n joernaal. Hierdie afdeling sluit kruisverwysings in, wat van toepassing is op die onderwerp wat die volgende week bestudeer gaan word. Dit sluit ook vrae en praktiese voorstelle vir die komende week in.

***Die Doelgerigte Lewe* Leesplan**

Die Doelgerigte Lewe deur Pastoor Rick Warren loop parallel aan die weeklikse lesse in hierdie studiegids. Die boek is ‘n kragtige manier om jou verstaan van en toewyding aan God se doelstellings, te verdiep. As jy die leesplan in die boek volg, sal jou groepsbelewenis meer waardevol word.

# 40 DAE VAN FOKUS

## WEEK 1 - **Wat op Aarde Doen Ek nou Eintlik Hier?**

"Begin met God as jy wil weet waarom jy op hierdie planeet is.
Jy is tot Sy doel en vir Sy doel gebore."
Rick Warren, Die Doelgerigte Lewe

**MAAK KONTAK .....15 Minute**

1. As julle 'n nuwe groep is of as daar enige nuwe lede is, gebruik 'n paar minute om julle aan mekaar voor te stel. Vertel kortliks hoe julle van julle kerk gehoor het.

2. *Noem een ding met die klem opgeestelike groei, wat jy hoop God in jou lewe sal doen, terwyl jy deelneem aan 40 Dae van Doelgerigtheid.

**GROEI.....35 -40 Minute**

**GEHEUEVERS**

"God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy
ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade
waarvoor Hy ons bestem het." Efesiërs 2:10

Jou verstaan van God se Woord , vorm die basis (fondament) van jou geestelike groei. Bring elke week jou Bybel en Studiegids saam na die groepsbyeenkoms.

**Kyk nou na die video.**
**Volg in jou Bybel en maak notas in die ruimte wat voorsien word.**

*WAT OP AARDE DOEN EK NOU EINTLIK HIER?*

## I. Om Nie te Weet wat My Doel is nie, se uitwerking is:

### 1. Sonder dat ek weet wat my doel is, sal die lewe_____ wees.

"Die son kom op, die son gaan onder.....die wind waai..... waai hierheen en daarheen en dan draai hy maar weer. Al die riviere loop in die see in....hulle hou aan om te loop na die see toe. Niks kry klaar nie.
Prediker 1: 5-8

".....the water returns to where the rivers began, and starts all over again. Everything leads to weariness...." (TEV)
(Prediker) Ecclesiastes1:5-8

### 2. Sonder dat ek weet wat my doel is, sal die lewe _____wees.

"Die oog kyk, maar kry nie klaar met kyk nie; Die oor hoor, maar kry nie klaar met hoor nie. Wat was, sal weer wees; wat gebeur het sal weer gebeur. Daar is niks nuuts in hierdie wêreld nie."
Prediker 1:8b - 9

### 3. Sonder dat ek weet wat my doel is, sal die lewe _____wees.

"Wat krom is, kan nie reguit word nie; wat nie daar is nie, kan nie getel word nie."
Prediker 1:15

## II. Die Voordeel van Kennis van My Doel

"....ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het. Broers , ek verbeel my nie dat ek dit al alles het nie. Maar een ding doen ek : ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. Ek span my in om by die wenstreep te kom sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus."

Filippense 3:12b – 14

### 1. Om te weet wat die doel van my lewe is, sal my lewe_____gee.

"...een ding doen ek..." (v 13)

"...I am focusing all my energies on this one thing..." (v 13)

**2. Om te weet wat die doel van my lewe is, sal my lewe _____**

"...ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is."
(v 13)

"Gee aan hulle vrede en voorspoed, Here, want hulle het hulle vertroue op U gestel."
Jesaja 26 : 3

**3. Om te weet wat die doel van my lewe is, sal _____ in my lewe verhoog.**

"Ek span my in om by die wenstreep te kom .... "
Filippense 3:14

"Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!"
Jeremia 29: 11

**4. Om die doel van jou lewe te ken, sal _____**

**_____**

"...sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus." (v 14)

"God het...aan die mens 'n besef gegee van die onbepaalde tyd "
Prediker 3: 11

"He has... set eternity in the hearts of men..."
(Prediker) Ecclesiastes 3: 11a

## BESPREKINGSVRAE

1. As jy reageer het deur die eenvoudige gebed tot God saam met Pastoor Rick Warren te bid, geluk. Ander mense in die kerk en baie ander mense landswyd, neem dieselfde stap om Christus te ontvang. Skryf jou naam en die datum hieronder neer as jy Christus vandag ontvang het as bewys van jou verbintenis. Laat hierdie bladsy jou altyd herinner aan wat God vandag in jou lewe gedoen het. Waag dit om jou besluit met iemand te deel voordat jy vertrek. Hulle sal jou verbintenis saam met jou vier.

   # Vandag gee ek my lewe vir die eerste keer oor aan Christus.

   _____(Handtekening)_____(Datum)

2. In Prediker 1 het Pastoor Rick drie gevolge geïdentifiseer,wanneer jy nie jou doel ken nie.

   - Die lewe is moeisaam
   - Die lewe is onvervuld
   - Die lewe is onbeheerbaar (hand-uit)

   Met watter een van hierdie drie identifiseer jy die sterkste? Waarom?

3. Paulus het duidelik verstaan wat God se doel met sy lewe was. Hy het gesê, “Een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. Ek span my in om by die wenstreep te kom...” Hoe sou jou kennis van God se doel vir jou, jou help om te fokus op jou lewe? Hoe sou kennis van jou lewensdoel, jou lewe vereenvoudig het?

4 *Prediker 3:11 sê dat God aan die mens ‘n besef gegee het van die onbepaalde tyd ( “God has set eternity in the hearts of men”). Wat dink jy beteken hierdie vers? Op watter praktiese maniere kan ons hier op aarde leef, ter voorbereiding vir die ewige lewe ?

Verdere vrae word aan die einde van hierdie les vir julle groep gegee om te bestudeer, afhangende van die grootte van julle groep, beskikbare tyd of volwassenheid. Julle kan hierdie vrae elke week as huiswerk vir die groep aanwend of julle kan dit nou verder bespreek.

## DIEN.....15 Minute

Die Doelgerigte Lewe is nie bedoel om alleen te beleef nie. ‘n Alleenlopende Christen bestaan nie. Hierdie gedeelte van die kursus is ontwerp om jou te help om in jou groep en kerk te dien en om jou geloof uit te leef.

1. *Maak jou studiegids oop by die Doelgerigte Groepsooreenkoms op bl 45 van die Omgeegroep Bronne-afdeling. Gebruik ‘n paar minute om hierdie gesonde groepsriglyne deur te werk en besin saam oor elkeen van die groepswaardes en verwagtinge . Deur vandag ‘n rukkie hieraan te spandeer, gaan vir julle baie probleme en teleurstellings oor die volgende paar weke spaar.

2. ‘n Kernaspek van hierdie spesifieke omgeegroep-reeks is die daaglikse lees van Die Doelgerigte Lewe. Om getrou te bly het ons soms ‘n bietjie aanmoediging en welwillende aanspreeklikheid nodig. Groepeer twee-twee sodat elkeen in die groep ‘n leesmaat het. Ons beveel aan dat mans met mans en vrouens met vrouens groepeer. Besoek of kontak mekaar gedurende die week of tydens die groepsbyeenkoms om uit te vind wat elkeen geleer het en bemoedig mekaar soos julle met die boek vorder.

## DEEL.....10 Minute

1. God gebruik ander mense op ‘n spesifieke wyse in elkeen van ons se lewe. In wie se lewe wil God jou gebruik? Dit is nou ‘n goeie geleentheid om te besluit wie jy na volgende week se byeenkoms toe moet nooi. Watter kollega, buurman, vriend, familielid of ander Christen ken jy wat hierdie kursus sal geniet? Raak vir ‘n oomblik stil en vra God om vir jou ‘n naam of twee te gee.

2. Gebruik nou ‘n paar minute om die volgende afdeling te voltooi en so mense te identifiseer wat jy volgende week kan saamnooi.

**Persoonlike verhoudinge**

| | |
|---|---|
| **Familie** (naby of ver) | **Vriende** (bure, sport-, skoolvriende, ens) |
| **Lidmate** (kerkverband) | **Ontspanning** (gimnasium, stokperdjies) |
| **Werksverband** | **Ander** |

Beplan hoe om hulle te nooi. Onthou om as ‘n groep vir hierdie mense aan die einde van die byeenkoms te bid.

## AANBIDDING.....20 Minute

1. *As iemand in julle groep Christus vandag aangeneem het, maak gebruik van die geleentheid om dit te vier, God te dank en bid vir hulle wat nou hul geestelike reis begin.

Om die maksimum gebedstyd te benut en meer geleentheid te gee vir persone om te deel, vorm kleiner groepies van 3-4 mense. Dit is veral belangrik as julle groep uit meer as agt persone bestaan.

2. As jy nog nooit hardop gebid het nie en julle nou geleentheid het vir groepsgebed, bid dan net ‘n enkele sin. Probeer iets bid soos “Dankie God omdat u my geskep het met ‘n doel.” Dit is al wat jy hoef te sê.

3. Sluit af deur God te dank vir wat Hy vandag aan julle openbaar het en bid vir enige gebedsversoeke wat genoem is tydens die byeenkoms. Onthou om vir die mense te bid wat uitgenooi gaan word na julle volgende groepsbyeenkoms.

## VOORDAT JULLE VERTREK

1. Kyk vir ‘n oomblik na die Omgeegroep Kalender, bladsy 48, in die Omgeegroep Bronne-afdeling. Gesonde groepe deel verantwoordelikhede en groepseienaarskap. Voltooi die kalender saam, ten minste vir volgende week en teken aan waar julle gaan bymekaar kom, wie sal fasiliteer en wie gaan verversings of ‘n ete voorsien. Maak notas van spesiale of sosiale geleenthede of vakansiedae. Dit is ‘n ideale geleentheid vir die persoon wat bereid is om die groepsbyeenkomste te koördineer.

2. Begin om basiese inligting, soos telefoonnommers en e-pos adresse te verkry. Die groep se register voor in die studiegids kan gebruik word om hierdie inligting neer te skryf. Stuur een of al die studiegidse om sodat almal die inligting eerstehands kan verkry.

## VERDERE STUDIE

Tydens hierdie week se studie het ons na die lewens van twee prominente mense gekyk: Koning Salomo, die man met die meeste wysheid wat ooit geleef het en Paulus, die apostel van Jesus Christus wat groot gedeeltes van die Nuwe Testament geskryf het. Salomo het eerstehands geleer dat alles wat ons beleef, waardeloos is, as ons leef sonder ‘n ewigheidsperspektief. Daarteenoor het Paulus, van die oomblik toe hy geroep is, volkome gefokus op die ewigheid. Kom ons kykna op hierdie twee groot manne in die Bybel se laaste woorde.

1. Lees Prediker 9: 1-6 en 12: 13, 14. Tot watter gevolgtrekking het Salomo aan die einde van sy lewe gekom?

2. Watter opdrag het Paulus naby die einde van sy lewe aan Timoteus gegee, as weerspieëling van sy lewenservaring in 2 Timoteus 4 : 1-5?

3. Lees 2 Timoteus 4: 6-8. Wat was Paulus se gevolgtrekking van sy lewe, toe hy terug in die verlede en vorentoe na die toekoms gekyk het?

4. Wat het jy van Salomo en Paulus geleer om jou in jou lewe te help?

## VOORBEREIDING VIR VOLGENDE KEER

1. *Ons beveel sterk aan dat jy elke dag ‘n hoofstuk uit Die Doelgerigte Lewe (Dag 1-7) sal lees, om die meeste uit hierdie studie te haal. Jy sal moontlik jou antwoorde en gedagtes of versoeke tot God, in ‘n joernaal wil skryf.

2. Maak seker om een van die vriende waarvoor julle in die groep gebid het, gedurende die week te skakel. Bied aan om hom / haar op te laai en om ‘n studiegids te verskaf voor die volgende byeenkoms.

3. Werk aan hierdie week se geheuevers en wees voorbereid om dit met iemand by die volgende byeenkoms te deel. Die geheueverse is ook op bl 57 in die Omgeegroep Bronne afdeling. Al ons geheueverse is uit die Nuwe Vertaling van die Bybel (1983). ‘n Maklike manier om dit te memoriseer,is om die vers 5-8 keer op ‘n vel papier neer te skryf. Hierdie eenvoudige oefening sal jou vertroue in God help groei.

# 40 DAE VAN FOKUS

## WEEK 2 – Aanbidding : Jy is vir God se behae beplan

"God het nie nodig gehad om jou te skep nie, maar Hy het gekies om jou te skep vir Sy behae. Jy bestaan tot Sy voordeel, Sy heerlikheid, Sy doel en Sy behae."
- Rick Warren, Die Doelgerigte Lewe

Instruksies - As jou groep nie deur die hele studie kan werk nie, het ons in elke afdeling 'n vraag of aktiwiteit aanbeveel en met 'n sterretjie (*) gemerk.

## MAAK KONTAK.....15 Minute

1. Verwelkom alle nuwelinge in die groep en stel julleself vinnig voor.

2. *Watter beeld of voorstelling het jy van God gehad in jou jeug?

3. Die meeste mense begeer 'n gesonde, gebalanseerde lewe. 'n Gereelde mediese ondersoek is 'n goeie metode om gesondheid te toets en potensiële probleme te identifiseer. Om dieselfde rede is 'n geestelike ondersoek noodsaaklik vir jou geestelike welstand. Die Doelgerigte Welstands-waardebepaling is ontwikkel om vir jou 'n vinnige beeld van jou geestelike welstand te gee. Gebruik 3-4 minute om die Doelgerigte Welstands- waardebepaling op bladsy 49 van die Omgeegroep Bronne, op jou eie te voltooi. Bereken jou uitslag nadat jy elke vraag beantwoord het. Groepeer twee-twee (verkieslik met jou leesmaat) en deel kortliks een doel wat goed is en een wat 'n bietjie aandag vereis.

## GROEI .....45 Minute

Geheuevers

"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag " Markus 12: 30

**Kyk nou na die video.**
**Volg in jou Bybel en maak notas in die ruimte wat voorsien word.**

*AANBIDDING – JY IS VIR GOD SE BEHAE GESKEP*

**1. Hoe leef jy 'n aanbiddingslewe, 'n lewe wat God behaag?**

"En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelykvormig word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is."

Romeine 12: 1, 2

**1. Jy moet jouself aan God _____ (v1)**

- **Aanbidding is _____**
- **Aanbidding is _____**

"Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie ? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik."

1 Korintiërs 6: 19, 20

- **Aanbidding is _____**

**2. Jy moet die beginsel leer van_____(v2)**

**3. Jy moet die beginsel leer van_____(v2b)**

"Ek het die Here altyd by my: omdat Hy by my is, sal ek nie struikel nie. Daarom is ek bly en juig ek en voel ek my veilig."

Psalm 16: 8, 9

**II Drie redes waarom ons vir God se behae moet leef**

**1. Om 'n aanbiddingslewe te lei, is _____**

**2. Om 'n aanbiddingslewe te lei, is _____**

**3. Om 'n aanbiddingslewe te lei, is _____**

**BESPREKINGSVRAE**

As julle agt of meer mense in die groep is, verdeel in groepies van 3-4 vir meer betrokkenheid en ‘n in diepte bespreking. Kom dan aan die einde van die bespreking weer saam en laat iemand uit elke groep, die hooftrekke van die bespreking weergee.

1. Jy het so pas gehoor dat die lewe wat tot God se behae geleef word, die goeie lewe is.Waarom is dit in ons samelewing en kultuur so ‘n radikale stelling?

2. Wat is die eerste gedagte wat by jou opkom wanneer jy die woord “aanbidding” hoor? Laat iemand Romeine 12: 1 voorlees. Hoe definieer hierdie vers aanbidding?

3. *Die Bybel sê God het jou geskep sodat Hy jou kan liefhê, behae in jou kan hê en en jou kan aanneem as Sy familie. Stop en oordink hierdie stelling vir ‘n oomblik. Hoe laat dit jou voel en is dit in ooreenstemming met jou beeld van God?

4. Wat is God se hoogste prioriteit vir jou lewe, volgens Matteus 22: 37?
Hoe vergelyk dit met wat jy in jou eie lewe sien?

Afhangende van die grootte van julle groep, tyd beskikbaar of geestelike volwassenheid, word addisionele besprekingsvrae aan die einde van die les gegee vir verdere studie. Julle kan hierdie vrae elke week as huiswerk gebruik of wend dit nou aan vir verdere bespreking.

## DIEN / DEEL.....10 Minute

1. *In Matteus 22: 37-39 sê Jesus dat die grootste twee gebooie die is om God en ons naaste lief te hê. Hoe kan ‘n aanbiddingslewe (om God lief te hê) my help om ander mense rondom my lief te hê ?

# AANBIDDING.....15 Minute

Hierdie week het ons geleer om ons lewe geheel en al aan God toe te wy en hoe om as lewende offers vir Hom te lewe. Dit is die hoogste uitlewing van aanbidding wat daar bestaan. Bespreek die volgende vrae ter voorbereiding vir die gebedstyd hierdie week:

1. Romeine 12: 2 sê ons moenie aan hierdie sondige wêreld waarin ons leef, gelykvormig word nie. Op watter subtiele wyses kan ons kwesbaar word en aan die wêreld se standaarde toegee ?

2. Wat verhinder jou om jou hele lewe aan God te wy?

3. *Dank God aan die begin van julle gebedstyd dat Hy jou geskep het vir Sy behae. Betuig jou dankbaarheid teenoor God deur kort enkel sinnetjies te bid, omdat Hy jou ‘n goeie, genotvolle lewenswyse gegee het. Vra God om jou bewus te maak van areas in jou lewe waar jy nog oorgawes aan Hom moet maak. Bid vir elkeen in die groep om ‘n volkome oorgegewe lewe aan God te lei. Maak seker dat al die versoeke op die gebedslys aangeteken word.

**VERDERE STUDIE**

1. *Hersien Romeine 12: 1-2. Wat dink jy beteken dit om jou liggaam as ‘n lewende offer te gee? Hoe sou ons lewens gelyk het as ons waarlik so gelewe het?

2. Watter voordeel sou dit volgens Romeine 12: 2 vir ons inhou, as ons aan Paulus se oproep in vers 1 en 2, gehoorsaam is en ons liggame as lewende offers gee?

3. Hoe verstaan jy, volgens Paulus se beskrywing van ‘n oorgegewe lewe, moet ‘n aanbiddingslewe tot God uitgeleef word?

4. Lees Psalm 16: 8-9. Op watter praktiese wyses kan jy hierdie week die Here altyd by jou hê en veilig voel?

## VOORBEREIDING VIR VOLGENDE KEER

1. *Gaan voort om ‘n hoofstuk per dag uit Die Doelgerigte Lewe (Dag 8 - 14) te lees. Moenie moedeloos word as jy agter raak nie; hou net aan om deur die dae te werk en vra God om jou te wys wat Hy wil hê jy elke dag moet raaksien. Ons beveel aan dat jy jou gedagtes en leiding of opdragte vanaf God neerskryf, terwyl jy lees. Verbind jou om die vraag aan die einde van elke hoofstuk te antwoord, die stap te neem of die gebed te bid. Laat hierdie tyd sinvol wees, besin en oordink God se gedagtes oor Sy doel en gedagtes vir jou lewe.

2. Lees 1 Korintiërs 12: 12-26 en Efesiërs 4: 11-16. Wat leer ons uit hierdie gedeeltes omtrent die funksionering van die liggaam van Christus?

3. Hou aan om vir jou vriende te bid wat jy die eerste week wou nooi.Skakel hulle en nooi hulle weer uit.. Jy sal nie weet of hierdie oproep dalk die heel belangrikste een is wat hulle die hele jaar ontvang het nie.

4. Bid vir die groeplede se behoeftes wat jy neergeskryf het op die gebed- en danklys.

# 40 DAE VAN FOKUS

## WEEK 3 – Gemeenskap: Jy is vir God se Familie geskep

"As ons ons geloof in Christus plaas, word God ons Vader, ons word Sy kinders, ander gelowiges word ons broers en susters, en die kerk word ons geestelike familie."

Rick Warren, Doelgerigte Kerk.

## MAAK KONTAK.....15 Minute

1. Beskryf die beste vriend wat jy ooit gehad het. Wat het hierdie vriendskap betekenisvol gemaak?

2. *Dink aan die kerk. Watter eienskappe gee aan die kerk die gevoelsindruk van 'n familie?

## GROEI .....45 Minute

**Geheue vers**

"... so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar."
Romeine 12: 5

**Kyk nou na die video.**
**Volg in jou Bybel en maak notas in die ruimte wat voorsien word.**

*GEMEENSKAP – JY IS VIR GOD SE FAMILIE GESKEP*

"Ek skryf hierdie dinge aan jou.... jy sal dus weet hoe iemand hom moet gedra in die huisgesin van God, dit is die gemeente van die lewende God. 1 Timoteus 3: 14, 15

**1. Vyf boustene vir Gemeenskap**

"Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is. Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld. Moenie in julle toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here. Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking; volhard in gebed. Help die medegelowiges in hulle nood en lê julle toe op gasvryheid. Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie vervloek nie. Wees bly saam met dié wat bly is en treur saam met dié wat treur. Wees eensgesind onder mekaar. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges. Moenie eiewys wees nie."

Romeine 12: 9-16

**1. Die eerste bousteen vir gemeenskap is _____(v9)**

"Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart."

Hebreërs 4: 12

**2. Die tweede bousteen vir gemeenskap is _____(v10)**

"Hulle moet van niemand kwaad praat nie en nie rusie soek nie. Hulle moet inskiklik wees en altyd bedagsaam teenoor almal."

Titus 3: 2

**3. Die derde bousteen vir gemeenskap is _____(v10)**

"As die een val, kan die ander hom ophelp. Maar as een val wat alleen is, is daar niemand om hom op te help nie. "

Prediker 4: 10

- Wedersydse bemoediging
- Wedersydse agting
- Wedersydse aanspreeklikheid / verantwoordelikheid

**4. Die vierde bousteen van gemeenskap is_____(v13)**

"Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaar gekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet..."

Handelinge 2: 46

**5. Die vyfde bousteen vir gemeenskap is_____(v16)**

"...(wees) eensgesind. Daar moet geen verdeeldheid onder julle wees nie. Julle moet een wees in dieselfde gesindheid en met dieselfde oortuiging."
1 Korintiërs 1: 10

"God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade."
Jakobus 4: 6b

Ons begeer 'n plek waar ons in staat is om ons ware gevoelens te deel (**eerlikheid**); verskille word gerespekteer (**verdraagsaamheid**); ons word aangemoedig om geestelik te groei (**wedersydse aanspreeklikheid**); ons spandeer tyd saam om mekaar te leer ken (**gasvryheid**); en ons word ondersteun in ons roeping en word aanvaar, ondanks ons swakhede (**eenheid**).

## BESPREKINGSVRAE

Die Christelike lewe behels meer as glo; dit sluit ook samehorigheid in. God wil hê dat jy deel van Sy familie moet wees om verhoudings te bou wat diep, bevredigende en betekenisvolle gemeenskap met ander behels.

1. Lees 1 Timoteus 3: 14, 15. In die Bybel word die kerk as 'n familie beskryf. Watter eienskappe van gesonde families sou waar wees van gesonde kerke of groepe?

2. Die Bybel sê in Prediker 4: 10, "As die een val, kan die ander hom ophelp. Maar as een val wat alleen is, is daar niemand om hom op te help nie." Kan jy getuig van 'n tydperk in jou lewe waar medegelowiges jou ondersteun, bemoedig of in 'n behoefte voorsien het?

3. *In hierdie bespreking het jy geleer dat daar vyf boustene is vir ware gemeenskap. Watter een is sterk in julle groep of kerk? Watter een vind jy die uitdagendste?

4. Lees 1 Tessalonisense 5: 11, Hebreërs 3: 13 en Hebreërs 10: 25. Watter praktiese voordele van bemoediging kom uit hierdie verse na vore? Wie het as 'n bron van bemoediging in jou lewe gedien?

## DIEN / DEEL.....15 Minute

1. Hierdie week het Pastoor Rick die waarde van wedersydse aanspreeklikheid genoem. Hy het voorgestel dat jy ‘n geestelike maat in julle groep kry. As jy alreeds ‘n leesmaat vir Die Doelgerigte Lewe het, kan hy of sy ook jou geestelike maat word. Oorweeg ‘n geestelike maat vir elke persoon in die groep.

   Ontmoet jou geestelike maat hierdie week, bid vir mekaar en moedig mekaar aan in geestelike groei. Julle kan ‘n paar minute voor of na die erediens bymekaar kom of gebruik ‘n paar minute van die groep se tyd saam met jou geestelike maat.

2. Gebruik ‘n paar minute ter bevestiging en versterking deur die “warm sitplek”-oefening te doen. Kies ‘n persoon in julle groep en skryf sy of haar naam bo-aan ‘n vel papier. Stuur dit aan en elke lid skryf daarop: “Dit het ek leer waardeer van jou,.....” gevolg deur ‘n spesiale waardering van die persoon. Slegs een sin is nodig. As die papier gesirkuleer het, laat iemand dit vir die persoon voorlees.

3. Beplan ‘n geleentheid binne die volgende 3-4 weke vir julle groep om saam te verkeer. Haal julle kalenderke uit en kies ‘n datum. Dit kan ‘n partytjie, piekniek, film-aand by iemand se huis wees of selfs om saam te eet voor julle groepsbyeenkoms.

## AANBIDDING .....15 Minute

1. *Spandeer tyd saam deur te bid dat julle omgeegroep ‘n plek sal wees waar almal in staat sal wees om hulle ware gevoelens te deel (eerlikheid); verskille gerespekteer sal word (verdraagsaamheid); elkeen aangemoedig sal word tot geestelike groei (wedersydse aanspreeklikheid); julle tyd saam sal spandeer om mekaar te leer ken (gasvryheid) en julle ondersteuning vir julle roepings sal kry en aanvaarding sal beleef, ondanks julle swakhede (eenheid). Moenie bang wees om jou swakhede of stryd te erken in bogenoemde areas nie .

## VERDERE STUDIE

Ware, betekenisvolle gemeenskap met God se mense begin by ons verhouding met Jesus Christus. Ons moet Hom eerstens ken en dan leer hoe Hy wil hê ons verhouding moet wees teenoor medegelowiges. Die Bybel leer ons hierdie belangrike aspek van die Christelike lewe.

1. *In Handelinge 2: 42-47 en Handelinge 4: 32-37 kry ons voorbeelde van ware gemeenskap van die vroeë kerk. Watter beginsels leer ons uit hierdie verse?

2. Watter dinge kan verhoed dat ware gemeenskap plaasvind in jou lewe, omgeegroep of kerk?

3. Lees 1 Korintiërs 1: 10. Wat beteken dit vir gelowiges om “eensgesind” te wees? Wat is die verskil tussen eenheid en eenvormigheid?

4. Lees Jakobus 4: 6. Waarom word daar, volgens jou mening, so sterk teen trots gewaarsku?

5. Watter verduideliking gee Johannes vir ons in 1 Johannes 3: 14-18, omtrent ons verantwoordelikheid om ons medemens lief te hê?

## VOORBEREIDING VIR VOLGENDE KEER

1. *Hou vol om elke dag ‘n hoofstuk uit Die Doelgerigte Lewe te lees (Dag 15-21)

2. Lees, oordink en bepeins Romeine 8: 28-38 hierdie week.

3. Lees Johannes 15: 1-8. Watter les oor geestelike groei kan ons uit hierdie gedeelte leer? Wanneer het jy die sterkste ingeplant gevoel in die wingerdstok?

4. Leer weer die geheueverse en bespreek hulle met ‘n familielid of ‘n vriend.

# 40 DAE VAN FOKUS

## WEEK 4 – **Dissipelskap: Jy is Geskep om soos Christus te word**

"God se hoogste doel vir jou lewe op aarde is nie gerief nie,
maar die ontwikkeling van jou karakter. Hy wil hê jy moet
geestelik groei en soos Christus word."

Rick Warren, Die Doelgerigte Lewe.

## MAAK KONTAK.....10 Minute

Hierdie week se les fokus daarop dat jy soos Christus moet word. Soos wie wou jy wees gedurende jou kinderjare? Wie was jou held?

I. *Neem tyd om te ondersoek hoe jy vaar met die vier verbintenisse tot die 40 Dae van Doelgerigte Aksie. Beantwoord die volgende vrae:

- Woon jy die eredienste oor naweke by?
- Memoriseer jy die geheuevers elke week?
- Lees jy elke dag een hoofstuk uit Die Doelgerigte Lewe?
- Woon jy die omgeegroep- byeenkomste gereeld by?

II. Verdeel in kleiner groepies of sit by jou geestelike maat en deel wat jy tot dusver in hierdie reeks geleer het. Noem een saak waarin jy glo God jou gelei het om uit te voer.

## GROEI.....45 Minute

**Geheuevers**

"Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Jesus Christus was..." Filippense 2:5

**Kyk nou na die video.**
**Volg in jou Bybel en maak notas in die ruimte wat voorsien word.**

*DISSIPELSKAP – JY IS GESKEP OM SOOS CHRISTUS TE WORD*

"Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe, want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer." Filippense 2: 12, 13

"....continue to work out your salvation with fear and trembling, for it is God who works in you to will and to act according to his good purpose." Philippians 2: 12, 13 (NIV)

- "Werk uit"
- "Werk in"

## I. Drie werktuie wat God gebruik om jou soos Jesus te maak

### 1. Die eerste werktuig wat God gebruik om jou soos Jesus te maak,

**is** _____

"Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk."

2 Timoteus 3: 16, 17

### 2. Die tweede werktuig wat God gebruik om jou soos Jesus te maak

**is** _____

"Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Dit doen die Here wat die Gees is."

2 Korintiërs 3: 18b

### 3. Die derde werktuig wat God gebruik om ons soos Jesus te maak,

**is** _____

"Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is. Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun....."

Romeine 8: 28, 29

## III. Drie keuses wat jou sal help om meer soos Jesus te word

### 1. Jy kan kies _____

"Julle gees en gedagtes moet nuut word."

Efesiërs 4: 23

"Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou? Deur hom te hou aan u woord! Ek wil aan U gehoorsaam wees met my hele hart, laat my nie afwyk van u gebooie nie. Aan u beloftes hou ek vas, dit weerhou my van sonde teen U."

Psalm 119 : 9-11

### 2. Jy kan kies om elke oomblik op God se Gees_____

"Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die winderdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie. Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie."

Johannes 15: 4, 5

### 3. Jy kan kies om_____jou omstandighede soos Jesus dit sou doen.

"...julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want, soos julle weet,as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming."

Jakobus 1: 2-4

## BESPREKINGSVRAE

Uit Filippense 1: 12, 13, het jy ontdek dat dit jou verantwoordelikheid is om jou saligmaking in Christus uit te bou. Met hierdie stelling in gedagte, kyk ons na die hulpmiddels wat God vir ons gee om te gebruik en die keuses wat ons maak, sodat ons meer soos Jesus sal word.

1. Sommige mense het gedink dat Paulus se verwysing na die uitwerk van ons saligheid, beteken dat ons ons saligheid moet verdien. Wat sê Efesiërs 2: 8-9 hieroor?

2. Pastoor Rick vergelyk "uitwerk" van jou saligheid / heil met 'n fisiese uitwerk- proses. Jou werk is om dit wat jy reeds besit, uit te bou. Op watter maniere is dissipelskap soos 'n fisiese uitwerk- proses?

3. Lees 2 Timoteus 3 : 16-17. Paulus sê die Bybel het groot waarde. Op watter maniere het jy gevind dat die Bybel van groot waarde is in jou lewe ? Wat in jou lewe verhoed dat die Bybel groter waarde het ?

4. Lees Romeine 8 : 28 en Jakobus 1: 2-4. Hoe het God omstandighede en beproewings in jou lewe gebruik om groei te bring en om meer soos Christus te word ?

## DIEN .....10 Minute

'n Baie belangrike instrument wat God gebruik om ons volwasse mee te maak, is ons omstandighede. Jy kan nie kies wat met jou gaan gebeur nie, maar jy kan kies hoe jy daarop gaan reageer.

1. *Hoe kan jou omstandighede, geleenthede wees vir jou, om God en ander te dien? Watter omstandighede het jy beleef as geleenthede vir jou, van God, waarmee jy ander kon bedien?

2. Groepeer twee-twee en blaai na die DOELGERIGTE WELSTANDSPLAN op bladsy 50 van die Omgeegroep Bronne- afdeling. Kies een doelstelling waarin jy moet groei en skryf een aksieplan neer, wat jy hierdie week gaan uitvoer om na jou doel te groei.

## DEEL .....15 Minute

Hoewel nie een van ons, ons doel kan bereik om volkome soos Christus te word nie, is die goeie nuus dat God onvolmaakte mense gebruik om sy doel te bereik.

1. Hoe is die Bybel, die Heilige Gees en omstandighede almal belangrik om mense vir Christus te bereik? Verskeie van julle kan vertel hoe God hierdie metodes gebruik om uit te reik na jou familie en vriende.

## AANBIDDING.....15 Minute

Deur te erken dat God so baie doen om ons te help groei om soos Christus te word, is 'n goeie rede om Hom te aanbid.

1. *Neem tyd as 'n groep om God te dank en te prys vir Sy voorsiening

vir saligmaking en vir Sy werk om ons te verander om soos Jesus Christus te word . Gebruik enkel-sin gebede om aan elkeen die geleentheid te gee om die Here te loof. Jy mag verskeie kere bid, maar hou jou gebede kort. Jy kan begin deur te sê, “Vader, ons dank U vir ....” of “Jesus, U het vir ons ..... gegee”.

2. Pastoor Rick het’n stelling gemaak dat gebed ‘n aanwyser is of jy van God afhanklik is, of nie. Waaraan klou jy vas, wat jy moet oorgee aan God en Hom vertrou om dit te hanteer? Spandeer tyd in gebed vir hierdie sake.

## VERDERE STUDIE

God het ons geskep om soos Christus te word. Hy het vir ons Sy Woord, Sy Heilige Gees en alledaagse omstandighede gegee om ons te help groei. Kom ons kyk na verdere verse wat die waarhede van hierdie les bevestig en ons uitdaag om ons verantwoordelikheid te aanvaar vir ons aandeel in hierdie proses.

1. *Watter waarheid oor ons verantwoordelikheid in die geestelike groeiproses leer ons in Efesiërs 4: 22-24 ?

2. Hoe word ons geloof, volgens Romeine 10: 17, deur die Woord van God beïnvloed? Watter bemoediging gee Romeine 8: 11 vir ons in ons geestelike groei?

3. Watter ander goeie nuus kry ons in 2 Korintiërs 3: 18 rakende God se werk in ons?

## VOORBEREIDING VIR VOLGENDE KEER

1. *Hou vol om daagliks ‘n hoofstuk uit Die Doelgerigte Lewe te lees (Dag 22-28)

2. Lees Johannes 13: 1-17. Watter les oor diensbaarheid kan jy leer uit hierdie treffende voorbeeld van Jesus se lewe?

3. Lees, oordink en bepeins Filippense 2: 3-4 hierdie week.

4. Lees Lukas 17: 7-10. Wat openbaar hierdie gedeelte oor ons verhouding teenoor ons Meester?

# 40 DAE VAN FOKUS

## WEEK 5 – Bediening: Jy is Geskep om God te Dien

"Jy is op aarde geplaas om 'n bydrae te maak. Jy is nie net geskep om hulpbronne te verbruik nie – om te eet, asem te haal en ruimte in beslag te neem nie. God het jou ontwerp om 'n verskil met jou lewe te maak."
Rick Warren, Die Doelgerigte Lewe

## MAAK KONTAK.....15 Minute

1. *Gebruik 'n paar minute om jou week te toets. Hoe was jou week? Werk, familie, persoonlik, geestelik?

2. Gedurende hierdie week gaan jy 'n man ontmoet wie se reisplanne drasties omver gewerp is. Kan jy vertel van 'n geleentheid waar jou reis nie volgens plan verloop het nie?

## GROEI.....45 Minute

**Geheuevers**

"....elkeen moet, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien." 1 Petrus 4: 10

**Kyk nou na die video.**
**Volg in jou Bybel en maak notas in die ruimte wat voorsien word.**

*BEDIENING – JY IS GESKEP OM GOD TE DIEN*

Jesus gaan toe dieper daarop in deur te sê: “Toe ‘n man eenmaal op pad was van Jerusalem af na Jerigo toe, het rowers hom aangeval. Hulle het hom kaal uitgetrek en hom geslaan dat hy halfdood bly lê, en toe padgegee. Dit gebeur toe dat daar ‘n priester met daardie pad langs kom, en toe hy hom sien, gaan hy ver langs verby. Net so het daar ook ‘n Leviet by die plek gekom, en toe hy hom sien, gaan hy ook ver langs verby. Maar ‘n Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom, en toe hy hom sien, het hy hom innig jammer gekry. Hy het na hom toe gegaan, sy wonde met olie en wyn behandel en hulle verbind. Toe het hy hom op sy rydier gehelp en hom na ‘n herberg toe geneem en hom daar verder versorg. Die volgende dag haal hy twee muntstukke uit en gee dit aan die eienaar van die herberg en sê: ‘Sorg vir hom, en as jy meer onkoste met hom het, sal ek jou betaal wanneer ek hierlangs terugkom.” ‘Wie van hierdie drie is volgens jou die naaste van hom wat onder die rowers verval het? Die wetgeleerde antwoord: ‘Die man wat aan hom medelye bewys het’. Toe sê Jesus vir hom: “Gaan maak jy ook so.”

Lukas 10: 30-37

## I. Drie gesindhede teenoor mense in nood

**1.** _____

**2.** _____

**3. Behandel ander soos wat ek wil hê** _____

## II. Vier stappe om mense se behoeftes te bedien op die manier waarop Jesus dit sou doen

**1.** _____**die behoeftes van mense rondom my.**

“‘n Mens moet nie sy eie voordeel soek nie, maar dié van ander.”

1 Korintiërs 10: 24

“Don’t think only of your own good. Think of other Christians and what is best for them.”

1 Corinthians 10: 24 (NLT)

**2.** _____**met mense se pyn.**

“In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig, ...”

2 Korintiërs 1: 4

**3. _____die geleentheid en verleen hulp.**

“Moenie ‘n weldaad weerhou van iemand aan wie dit toekom, terwyl dit in jou mag is om dit te bewys nie. Moenie vir iemand sê: ‘Gaan eers terug en kom môre weer, dan help ek jou’,as jy nou reeds kan help nie.”

Spreuke 3 : 27, 28

**4. _____wat dit ook al vra.**

”Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges.”

Galasiërs 6: 10

## BESPREKINGSVRAE

Die verhaal van die barmhartige Samaritaan is ‘n klassieke voorbeeld van ware bediening. Kom ons gebruik tyd en bespreek hierdie verhaal en die implikasies vir ons lewens.

1. Waarom dink jy gebruik baie mense nie geleenthede om ander te bedien nie?

2. *Om ‘n dienaar te wees, moet jy teen jou vrese optree. Watter persoonlike vrese weerhou jou daarvan om mense in jou kerkgemeenskap, in hul nood te bedien?

3. Met watter van hierdie vier stappe om te dien, identifiseer jy die meeste?

   - Sien die nood rondom jou
   - Simpatiseer met mense se pyn
   - Gebruik die geleentheid om nood te verlig
   - Spandeer en gee wat dit ook al vra

4. Jy is in hierdie les uitgedaag om baie prakties te raak. Gebruik ‘n oomblik en skryf van jou gawes en talente neer. Deel dit kortliks met die groep en laat die groep reageer oor moontlike areas van bedieninge waar jou gawes en talente effektief sal wees.

## DIEN / DEEL .....20 Minute

1. Gebruik ‘n paar minute om ‘n projek in julle kerk te bespreek, waarin julle as ‘n groep saam kan dien en so in ‘n behoefte kan voorsien. Vra julle predikant of iemand anders in ‘n leiersposisie of daar enige nood of behoeftes is waar julle as ‘n groep betrokke kan raak of hulp kan verleen.

2. Volgende week se byeenkoms is die laaste in hierdie reeks, maar julle word aangemoedig om een verdere week te gebruik vir ‘n feesviering.Dit kan ‘n geleentheid wees waar julle kan deel wat God in julle lewens gedoen het tydens die kursus. Oorweeg wat julle graag wil doen en begin beplan vir dié spesiale tyd saam.

## AANDIDDING .....15 Minute

1. *Dit sou nou ‘n goeie tyd wees om in kleiner groepies op te deel. Begin deur God te dank dat Hy jou nie alleen gelaat of verbygegaan het in jou krisistyd nie, en bely enige selfsugtigheid wat veroorsaak het dat jy ander se nood en behoeftes misgekyk het.

2. Gebruik ‘n paar minute waarin jy God vra om jou leeftempo rustiger te maak sodat dit vir jou moontlik kan word om mense rondom jou se nood raak te sien en om vir jou ‘n hart soos Syne te gee, gewillig om uit te reik na hulle in nood.

3. Vra God om aan jou ‘n behoefte of nood te wys waar jy anoniem kan hulp verleen.

### VERDERE STUDIE

Paulus gee ons verdere insig oor hoe ons as diensknegte kan optree.

1. Hoe leer Paulus ons in Filippense 2: 1-7, om Christus se hart en optrede na te volg wanneer ons ander in hul nood bedien?

2. *In hoofstuk 2 gee Paulus ons ook insig in watter soort diensknegte Timoteus en Epafroditos was.Wat kan ons volgens Filippense 2: 19-30 leer uit die wyse waarop hulle die gelowiges bedien het?

3. Waarom is dit dikwels vir ons moeilik om opregte besorgdheid te toon teenoor ander en hul belange bo ons eie te stel?

## VOORBEREIDING VIR VOLGENDE KEER

1. *Hou aan om elke dag ‘n hoofstuk uit Die Doelgerigte Lewe (Dag 29-35) te lees.

2. Lees Lukas 15 om God se hart vir hulle buite Sy familie te ontdek.

3. Lees die verhaal van Saggeus in Lukas 19: 1-10. Watter beginsels oor hoe om jou geloof te deel, kan jy uit Jesus se ontmoeting met Saggeus leer?

4. Lees 2 Korintiërs 5: 17-21. Waarom is die woord “gesante” of “ambassadeurs” (v20) so ‘n gepaste beeld vir ons opdrag of roeping in hierdie wêreld?

# 40 DAE VAN FOKUS

## WEEK 6 – Evangelisasie: Jy is as ‘n Boodskapdraer Geskep

“Jesus vra ons nie net om na Hom toe te kom nie, maar ook om vir Hom uit te gaan.”
- Rick Warren, Die Doelgerigte Lewe

## MAAK KONTAK.....15 Minute

Ons gebed vir jou is dat wanneer jy hierdie reeks voltooi het, jy die waarde van ‘n omgeegroep ontdek het, en ons hoop julle sal saam voortgaan.

1. *Hierdie is die laaste sessie in hierdie reeks. Kyk na Die Doelgerigte Groeps- ooreenkoms op bladsy 45 en besluit of julle as ‘n groep wil aangaan of nie. Bespreek hoe sake verloop het, asook enige veranderinge wat julle sou wou maak. Gesels waaroor julle ‘n studie sal wil maak, wie leiding sal neem en waar julle bymekaar sal kom. As julle ‘n sewende sessie beplan as feesviering, maak seker dat almal al die inligting het.

2. Die fokus van hierdie week se sessie is om jou te help om uit te reik na verlore mense buite God se familie. Beskryf ‘n tydperk toe jy verlore was of tydelik jou kind verloor het. Hoe het jy reageer en hoe het jy gevoel?

3. Draai na die persoon langs jou en deel met hom / haar, vir 2 minute, jou geestelike verhaal. Vertel kortliks van jou lewe sonder Christus, hoe jy Christus ontmoet het en die verskil wat Hy in jou lewe gebring het.

## GROEI .....45 Minute

**Geheuevers**

“Tree met wysheid op teenoor die mense wat nog buite die gemeente is. Maak die beste gebruik van elke geleentheid.”
Kolossense 4: 5

**Kyk nou na die video.**
**Volg in jou Bybel en maak notas in die ruimte wat voorsien word.**

*EVANGELISASIE – JY IS AS 'N BOODSKAPDRAER GESKEP (SENDING)*

"Soos U My na die wêreld toe gestuur het, het Ek hulle ook na die wêreld toe gestuur; en ter wille van hulle wy Ek My aan U toe, sodat hulle ook deur die waarheid aan U toegewy kan wees." Johannes 17 : 18

"Op een van dié dae, terwyl Jesus besig was om die mense te leer, het daar ook Fariseërs en leermeesters van die wet van Moses gesit wat van oral af uit die dorpe van Galilea en Judea en selfs uit Jerusalem gekom het. En die Here het vir Jesus die krag gegee om mense gesond te maak. Onverwags kom daar mense met 'n verlamde man op 'n draagbaar aan, en hulle probeer om hom die huis in te bring en voor Jesus neer te sit. Toe hulle vanweë die gedrang nie kans sien om hom in te bring nie, klim hulle op die dak en laat hom met draagbaar en al deur 'n opening tussen die dakteëls afsak tussen die mense in en vlak voor Jesus. Toe Hy hulle geloof sien, sê Hy: "Mens, jou sondes is jou vergewe." Die skrifgeleerdes en die Fariseërs het hulle begin afvra: "Wie is hy dat hy so godslasterlik praat ? Wie anders kan sondes vergewe as net God alleen?" Maar Jesus het hulle redeneringe gemerk en vir hulle gesê: "Wat redeneer julle by julleself? Wat is makliker ? Om te sê : Jou sondes is jou vergewe," of om te sê : "Staan op en loop ?" Maar Ek gaan nou vir julle die bewys lewer dat die Seun van die mens volmag het om op aarde sondes te vergewe." Toe sê Hy vir die verlamde man : "Ek sê vir jou : "Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe." Onmiddellik het hy voor hulle oë opgestaan, die draagbaar waarop hy gelê het, gevat en terwyl hy God prys, huis toe gegaan. Almal het verbaas gestaan en God geprys en vol eerbiedige vrees gesê : "Vandag het ons ongelooflike dinge gesien." Lukas 5 : 17-26

## I. Vier stappe om God se opdrag in die wêreld uit te voer.

### 1. Hulle het _____ __ hulle vriend in nood.

"Elkeen van ons moet aan ons naaste dink en aan wat vir hom goed is en wat hom in die geloof kan opbou."

Romeine 15: 2

### 2. Hulle het geglo dat Jesus hulle vriend _____

"Daarom kan Hy ook dié wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos..."

Hebreërs 7 : 25

### 3. Hulle bid nie net vir hul vriend nie, maar _____ hom ook na Jesus .

"Gaan uit na die paaie en lanings en dring by hulle daarop aan om in te kom, sodat my huis vol kan word.

Lukas 14 : 23

**4. Hulle het nie toegelaat dat probleme hulle _____nie.**

> "Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore moet gaan nie : Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer."
>
> 2 Petrus 3 : 9

Gee behae aan God deur **aanbidding**
Beleef lewe saam deur **gemeenskap**
Groei geestelik om meer soos Christus te word deur **dissipelskap**
Versorg die behoeftes van ander deur **bediening**
Deel die Goeie Nuus met ander deur **evangelisasie**

God wil nie net hê ons moet doelgerigte lewens lei nie, maar
Hy wil hê ons moet ook doelgerigte kerke laat groei

## BESPEKINGSVRAE

Verlede week het ons gesien dat dit God se wil is dat jy 'n bediening in Sy Kerk moet hê. Hierdie week gaan ons sien hoe God wil hê jy 'n boodskap in die wêreld moet uitdra.

1. Watter beeld kom in jou gedagtes as jy die woord "evangelisasie" hoor of daaraan dink dat jy jou geloof moet deel ?

2. Wat tref jou uit die verhaal van die verlamde man in Lukas 5 ?

3. Die vier mans wat die verlamde man na Jesus toe gebring het, was nie priesters, pastore of predikante nie; hulle was net vriende. Hoe maklik is dit vir jou om vriendskappe te bou met hulle wat nie vir Christus ken nie ?
   Watter stappe kan jy volg om sulke vriendskappe te begin bou ?

4. *Die fisiese behoeftes van hierdie man was duidelik, maar sy geestelike nood was minder opsigtelik. Watter behoeftes van mense om jou , dui op 'n diepe geestelike honger ?

5. Watter beginsels uit Kolossense 4 : 2-5 kan jou leer hoe om Christus te deel met ongelowiges ?

## DIEN / DEEL .....15 Minute

Dieselfde roeping wat Christus op aarde gehad het – om mense te help om God te vind – het Hy nou vir jou gegee. Jou roeping is eenvoudig om dieselfde Goeie Nuus van God se liefde wat aan jou meegedeel is,ook met ander te deel.

1. *Draai na die persoon langs jou en noem 1-2 name van ongelowiges by die werk, vriende, bure of familielede waarvoor jy wil hê die hele groep moet bid.
   Bid dan vir die moed om ‘n gesprek met hulle, oor God, hierdie week te begin. Moontlik kan julle groep ‘n lekker byeenkoms reël, wat hulle nie sal bedreig nie en waarna jy hulle kan uitnooi.

_____ _____

_____ _____

_____ _____

## AANBIDDING .....20 Minute

1. *Gebruik ‘n paar minute om te herdenk wat God in julle groep gedoen het die afgelope ses weke. Vertel wat jy geniet en baat gevind het by die afgelope ses weke. As julle volgende week vir ‘n langer tyd bymekaar gaan kom om fees te vier, kan hierdie vraag oorstaan tot dan.

2. Maak seker dat julle ‘n paar minute afstaan om te bevestig en God te dank vir julle groepleier.

3. Sluit af deur hierdie gebede te bid vir die ongelowiges wat julle genoem het in die DEEL-afdeling hierbo :

   - Vra vir God om jou hart te versag en omvir jou ‘n ware liefde te gee vir die ongelowiges wat oor jou pad kom.

   - Vra vir God om vir jou en jou groep geleenthede te gee om ander na julle aktiwiteite te nooi en die moed te gee om vir hulle van Christus te vertel.

   - Vra vir God om hulle harte te versag. God doen dit dikwels deur probleme en pyn. Kyk rond en sien raak wie pyn beleef. Die persoon wat in jou gedagtes kom, is waarskynlik die een na wie jy eerste moet probeer uitreik.

Het hierdie studie ‘n impak op jou lewe gemaak? Pastoor Rick sal graag jou verhaal wil hoor en hoe hierdie kursus en boek jou gehelp het. Jy kan ‘n e-pos na hom stuur by : pdm@wtb.co.za

## VERDERE STUDIE

1. Lees Lukas 5 : 27-32 en Lukas 7 : 34. Met watter tipe mense het Jesus geassosieer? Hoe ontvanklik is jy vir mense wat ver van God is ?

2. *Lees Lukas 14 : 23. Hoe anders sou julle groep of kerk wees as julle regtig hierdie vers uitleef ?

3. Wat leer jy uit 2 Petrus 3 : 8-9 oor geduld en volharding wanneer jy uitreik na vriende wat Christus nie ken nie ?

4. *Wanneer ons God waarlik liefhet, begeer ons om al die ander planne wat God vir ons lewe het, te verwesenlik. Hoe voel jy hieroor ?

# BRONNE

## GROEPSOOREENKOMS

Dit is goed vir elke groep om hulle gemeenskaplike waardes, verwagtinge en verbintenisse te verwoord. So ‘n ooreenkoms sal julle help om sake en verwagtings wat nie realiseer nie, te voorkom. Ons beveel aan dat julle die ooreenkoms gedurende sessie 1 bespreek om die basis te vorm vir ‘n gesonde groepsbelewenis. Voel vry om enige iets wat nie vir julle groep werk nie, te verander.

As die gedagte aan ‘n geskrewe ooreenkoms vreemd is vir julle groep, moedig ons julle aan om dit te probeer.

**Ons stem saam oor die volgende WAARDES :**

| | |
|---|---|
| **Duidelike Doelstelling** | Om gesonde geestelike lewens te ontwikkel deur ‘n gesonde omgeegroepgemeenskap te bou. |
| **Groep Bywoning** | Om prioriteit te gee aan die groepsbyeenkoms (skakel indien ek laat is of afwesig gaan wees) |
| **Veilige Omgewing** | Om ‘n veilige plek te skep waar mense gehoor (na geluister) kan word en aanvaar word (liefde ervaar). |
| **Vertroulikheid** | Om enige iets wat gedeel word streng vertroulik en binne die groep te hou. |
| **Geestelike Gesondheid** | Om groeplede toestemming te gee om my te help om ‘n gesonde, gebalanseerde geestelike lewe wat God behaag, te lei. |
| **Nuwelinge Verwelkom** | Om ons vriende wat kan baat vind by hierdie studies, te nooi en nuwelinge hartlik te verwelkom. |
| **Bou Verhoudinge** | Om die ander lede in die groep te leer ken en gereeld vir hulle te bid. |

## VRAE WAT GEREELD GEVRA WORD

### Wie mag die groep bywoon ?

Enige iemand wat jy voel daarby kan baat vind. Ons moedig elkeen aan die begin aan om ten minste een ander vriend saam te nooi. Die beste tyd vir nuwelinge om aan te sluit, is tydens die eerste of tweede week van ‘n nuwe studie. Gebruik tyd by die eerste byeenkoms om name van vriende van die groep te noem, sodat julle as ‘n groep kan bid dat die persone oop sal wees om ook by te woon.

### Hoe lank sal hierdie groep bymekaar kom ?

Hierdie reeks is ses weke lank en ons raai groepe aan om een ekstra week aan te las vir ‘n feesgeleentheid. Aan die einde van hierdie studie kan elke groeplid besluit of hy/sy wil aangaan vir ‘n volgende ses-week studie. By julle laaste byeenkoms, week ses, gebruik tyd om die Groepsooreenkoms te bespreek en watter volgende studie julle gaan aanpak.

### Wie is die leier ?

Die meeste groepe het ‘n leier. As julle nie ‘n leier het nie, gebruik ‘n paar minute en bespreek wie die leier kan wees. Ons moedig julle aan om meer as een besprekingsleier aan te wys. Ons beveel aan julle maak beurte vir die taak as fasiliteerder van besprekings en skep so geleenthede om elkeen se gawes te ontwikkel. Baie ander verantwoordelikhede kan wissel, insluitende verversings, gebedsversoeke, aanbidding of die opvolg van hulle wat die byeenkomste mis.Verdeelde eienaarskap in die groep is die beste manier om almal te help groei.

### Waar vind ons nuwe groeplede vir ons groep ?

Dit kan ‘n probleem wees vir groepe, veral nuwe groepe wat pas begin het met enkele lede, of bestaande groepe wat ‘n paar lede met die tyd verloor het. Ons moedig julle aan om ‘n dinkskrum te hou en ‘n lys van mense by die werk, kerk, woonbuurt, kinders se skool, familie, die gimnasium, ens. op te stel. Bid dan vir die mense op elke lid se lys. Laat elke lid ‘n paar mense op sy lys nooi. Dit maak nie saak hoe julle lede vind nie, solank julle net aktief aanhou soek na nuwe mense om by julle groep aan te sluit. Alle groepe verloor soms lede as gevolg van verhuisings, vrystelling van nuwe leiers, bedieningsgeleenthede, ens. As die groep te klein raak, is die risiko daar dat hulle tot niet sal gaan. Onthou, die volgende persoon wat aansluit, mag ‘n lewenslange vriend word. Jy weet nooit nie.

**Hoe hanteer ons die versorging van kinders in ons groep ?**

Baie versigtig. Hierdie is ‘n sensitiewe saak in groepe. Ons stel voor julle soek kreatiewe oplossings as groep. Een algemene oplossing is dat julle by die groep in die sitkamer aansluit en deel die koste van ‘n babaoppasser (of twee) wat by die kinders in’n ander vertrek in die huis is.

‘n Ander gewilde opsie is om een huis vir die kinders beskikbaar te hê en ‘n tweede huis (nabygeleë) vir die volwassenes. Die laaste opsie werk goed met skoolgaande kinders en dit kan tot groot seën vir gesinne wees.

**Wat as ons nie deur die hele inhoud elke week werk nie?**

Die kursus is ontwikkel om vir julle as ‘n groep en vir jou as leier te bedien. Moenie verplig voel om deur die hele inhoud te werk in hierdie studiegids nie. Wees sensitief vir die leiding van die Heilige Gees tydens julle groepsbyeenkoms. Sommige sake sal meer toepaslik wees vir julle groep as ander. Kies die sake wat die mees gepaste is vir julle lewens. Gee ag as ‘n saak langer tyd in beslag neem in julle groep. Nuwe ervarings sal nuwe groei en samehorigheid inblaas in julle omgeegroep.

Baie groepe is in staat om hierdie studiegids in die voorgestelde ses weke te voltooi, terwyl ander ‘n paar ekstra weke neem. Voel vry om julle tempo aan te pas afhangende van die behoeftes van die groep. As dit nodig is om ‘n ekstra week te neem om in die behoeftes van die groep te voorsien, doen gerus so. Keer dan terug na die studiegids die volgende week. Ons moedig julle aan om van tyd tot tyd saam te kom met die doel om verhoudinge in die groep te bou.

## OMGEEGROEP KALENDER

Lewenskragtige groepe deel verantwoordelikhede en groep-eienaarskap.Dit mag tyd neem om te ontwikkel. Verdeelde eienaarskap verseker dat nie net een persoon verantwoordelikheid dra nie. Gebruik die kalender om op datum te bly met sosiale geleenthede, sendingprojekte, verjaarsdae of oop / vry dae. Voltooi hierdie kalender tydens julle eerste of tweede byeenkoms. Vooruitbeplanning sal bywoning verbeter en mede-eienaarskap aanhelp .

| DATUM | LES | PLEK | FASILITEERDER | VERVERSINGS |
|---|---|---|---|---|
| Dinsdag<br>26 Jan | Sessie 1 | Ben & Laura | Riaan Botha | Johan & Elma |
| | Sessie 1 | | | |
| | Sessie 2 | | | |
| | Sessie 3 | | | |
| | Sessie 4 | | | |
| | Sessie 5 | | | |
| | Sessie 6 | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

# DOELGERIGTE WELSTANDS-WAARDEBEPALING

## MAAK KONTAK : Jy is gemaak vir God se familie

Ek verdiep my begrip van en vriendskap met God deur gemeenskap met ander 1 2 3 4 5
Ek groei in my vermoë om te deel met en my liefde te betoon teenoor ander 1 2 3 4 5
Ek is gewillig om my ware behoeftes vir gebed en ondersteuning met ander te deel 1 2 3 4 5
Ek hanteer konflik opbouend en is gewillig om ander te vergewe 1 2 3 4 5

MAAK KONTAK Totaal_____

## GROEI : Jy is geskep om soos Christus te word

Ek het 'n groeiende verhouding met God deur gereeld tyd met die Bybel en in gebed te spandeer 1 2 3 4 5
Ek beleef al meer die eienskappe van Jesus Christus (liefde, vreugde, vrede, geduld, goedheid, selfbeheer, ens.) in my lewe. 1 2 3 4 5
Ek vermy verslawende gedrag (kos, televisie, bedrywighede, en soortgelyke dinge) 1 2 3 4 5
Ek bring tyd deur met 'n Christen vriend (geestelike maat) wat bly is oor my geestelike groei en dit aanmoedig. 1 2 3 4 5

GROEI Totaal : _____

## DIEN : Jy is gevorm om God te dien

Ek het my unieke God-gegewe vorm van bediening ontdek en ontwikkel dit verder 1 2 3 4 5
Ek vra gereeld vir God om my geleenthede te gee om Hom en ander te dien 1 2 3 4 5
Ek staan in 'n vaste bediening (een keer per maand of meer) in die kerk of gemeenskap 1 2 3 4 5
Ek is 'n rolspeler in my omgeegroep deurdat ek verantwoordelikheid vir die groep deel 1 2 3 4 5

DIEN Totaal : _____

## DEEL : Jy is geskep vir 'n bediening (sending)

Ek bou verhoudinge met nie-christene en vra God om my geleenthede te gee om Sy liefde te deel 1 2 3 4 5
Ek belê my tyd in 'n ander persoon of groep wat Christus persoonlik moet leer ken 1 2 3 4 5
Ek nooi gereeld kerk-los of nie-betrokke vriende na die kerk of omgeegroep 1 2 3 4 5
Ek bid en leer oor waar God my en ons groep kan gebruik, in bedieninge oor kultuurgrense 1 2 3 4 5

DEEL Totaal _____

## AANBIDDING : Jy is beplan vir God se behae

Ek beleef meer van God se teenwoordigheid en krag in my daaglikse lewe 1 2 3 4 5
Ek woon die omgeegroep en eredienste naweke getrou by om God te aanbid 1 2 3 4 5
Ek streef daarna om God te behaag deur elke area van my lewe (gesondheid, besluite, finansies, verhoudinge, toekoms, ens) aan Hom oor te gee. 1 2 3 4 5
Ek aanvaar die dinge wat ek nie kan verander nie en raak meer dankbaar vir die lewe wat God vir my gee. 1 2 3 4 5

AANBIDDING : Totaal _____

| NET BEGIN | REDELIK | GOED OP DREEF | BAIE GOED | GOED ONTWIKKELD |
|---|---|---|---|---|
| 0-5 | 5-10 | 10-15 | 15-20 | 20-25 |

Opsionele oefening : Laat jou ouer(s), eggenoot, groepleier of 'n ander Christen vriend hierdie vorm voltooi voor jy jou Doelgerigte Welstandsplan voltooi.

## DOELGERIGTE WELSTANDSPLAN

| Doelstellings<br>(Skriftuurlike opdragte) | Moontlikhede | Planne<br>(strategiese stappe) |
|---|---|---|
| **MAAK KONTAK**<br>Hoe kan ek my verhoudings met ander verdiep?<br>(GEMEENSKAP)<br>* familie / vriende<br>* verhoudings / emosionele ontwikkeling<br>* Omgeegroep gemeenskap | | |
| **GROEI**<br>Hoe kan ek groei om soos Christus te word?<br>(DISSIPELSKAP)<br>* Geestelike dissipline<br>* Finansiële rentmeesterskap<br>* Karakter ontwikkeling | | |
| **DIEN**<br>Hoe kan ek God en ander dien?<br>(BEDIENING)<br>* Bedien die Liggaam<br>* Leierskap opleiding<br>* Voortgesette opleiding | | |
| **DEEL**<br>Hoe kan ek my geloof gedurig deel?<br>(EVANGELISASIE)<br>* Sending uitreik na die wêreld<br>* Uitreik(soeker) na vriende / familie, werk, buurt<br>* betrokkenheid by kulture | | |
| **AANBIDDING**<br>Hoe kan ek vir God se behae leef?<br>(AANBIDDING)<br>* Gereelde kerkbywoning<br>* Aanbiddingsbandjies en oordenkings<br>* Persoonlike gesondheid en balans (Romeine 12 : 1) | | |

## OMGEEGROEP GEBEDS- EN DANKVERSLAG

Deel kortliks jou gebedsversoeke as omgeegroep en teken dit hieronder aan. Onthou om al die antwoorde op gebed aan te teken.

| DATUM | GEBEDSVERSOEKE | DANK & LOFUITING |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

## LEIERSKAP OPLEIDING

Beplan die byeenkoms – Hier vind jy die kerngedagtes, belewenisse of verbintenisse van elke sessie . Dit is wat ons hoop God sal doen terwyl julle saam leer, praat en bid. Die leier moet hierdie beplanning voor elke sessie hersien.

**Sessie 1 Wat op Aarde doen ek nou eintlik hier ?**

- Die groep lees en teken die Gesonde Omgeegroep-ooreenkoms
- Kyk na die effek van om nie te weet wat jou doel is nie
- Ontdek die voordele van kennis van jou doel en om ‘n doelgerigte lewe te lei.

**Sessie 2 Aanbidding – Jy is vir God se behae beplan**

- Verstaan hoe om ‘n lewe te leef wat God behaag
- Verduidelik waarom ons vir God se behae moet leef
- Wy ons lewe totaal aan God

**Sessie 3 Gemeenskap – Jy is vir God se familie geskep**

- Groepeer met ‘n geestelike maat om jou aan te moedig in jou geestelike groei.
- Ontdek die tipe verhoudings wat diep en betekenisvolle gemeenskap met ander verskaf.
- Beplan die volgende stap wat jy kan neem om te groei in jou gemeenskap

**Sessie 4 Dissipelskap – Jy is geskep om soos Christus te word**

- Verstaan God se aandeel om ons na geestelike volwassenheid te lei
- Besef ons verantwoordelikheid in hierdie groeiproses
- Sien geleenthede om ander te bedien en deel Christus te midde van ons omstandighede

**Sessie 5 Dien – Jy is geskep om God te dien**

- Verstaan die Vier Stappe om in Ander se Behoeftes te Voorsien
- Verbind jou as individu om betrokke te raak in ‘n bediening in jou kerk
- Oorweeg ‘n behoefte in julle kerk waarin julle as groep kan voorsien

**Sessie 6 Deel – Jy is vir evangelisasie geskep**

- Bespreek die toekoms van julle groep
- Leer vier metodes om God se roeping vir jou lewe, te vervul
- Beplan ‘n feesgeleentheid om dit wat God deur hierdie reeks gedoen het, te vier

**Vaardigheidsinstruksies vir Leiers** – Ons moedig jou as leier aan om die vrae te selekteer waarby jou groep die meeste gaan baat. As jou groep nie deur die hele kursus kan werk nie, het ons ‘n vraag of aktiwiteit met ‘n asterisk (*) gemerk in elke afdeling van die studie.

**Roterende / wisselende Leierskap** - Elke les voorsien geleenthede sodat verskillende persone dele van elke afdeling kan aanbied . Doen dit so dikwels as wat julle wil.

## WENKE VIR LEIERS

Op die kursusvideo is ‘n hulpinsetsel wat aan die leier insig en leiding gee vir elke week. Hierdie aantekening dien as addisionele wenke wat jou sal help as leier.

**Sessie 1**

1. Wees vriendelik en wees net jouself. Maak seker dat jy die mense by die deur groet met ‘n groot glimlag.....Dit kan die stemming vir die eerste byeenkoms bepaal. Onthou, HULLE neem net so ‘n groot stap soos jy om by jou aan huis te kom. Maak seker dat jy genoeg tyd afstaan tydens die eerste sessie om geleentheid te gee vir elkeen om hulle voor te stel. Wend ‘n spesiale poging aan om nuwelinge welkom en spesiaal te laat voel sonder om hulle te versmoor.

2. Elke week sal jy ‘n geheuevers vind in die GROEI afdeling van die studiegids. Dit is maklik om die geheueverse te ignoreer en aan te gaan na die besprekingsvrae. Die Bybel is duidelik daaroor dat daar groot waarde daarin lê om die Woord in ons harte te hê. Dit gaan nie net daaroor om in staat te wees om die vers op te sê nie, maar om die betekenis daarvan diep in ons harte vas te maak. Hierdie is ‘n gewoonte wat moeilik is vir meeste Christene. Hulle sal dus hulp en aanmoediging nodig hê. Een van die beste maniere om dit te doen is om die voorbeeld te stel as leier. As jy die verse elke week wil memoriseer en die leer en hersien van die verse ‘n ontspanne deel van die byeenkoms maak, sal mense meewerk. Oefen deur die vers saam hardop te sê. Hierdie verse is ook agter in jou gids in ‘n formaat wat jy kan uitknip en by jou kan dra deur die week.

Tydens hierdie week se Aanbiddingsdeel in die studiegids, is ‘n bekendstelling aan onderverdeling in kleiner groepies. Sub-groepering is ‘n goeie manier om meer mense die geleentheid te gee vir versoeke en om hulle meer gemaklik te maak as hulle bid.
Wanneer julle bid, onderverdeel in groepies van 3-4 en wys iemand aan om die kleiner groepie te lei.

**OMGEEGROEP LEIERSKAP 10l** ( Top tien idees vir nuwe fasiliteerders)

Veels geluk. Jy het reageer op Jesus se oproep om, as herder, Sy kudde te help. Min ander take in die familie van God oortref die bydra wat jy gaan maak. Hier is ‘n paar gedagtes om te onthou wanneer jy voorberei om een of al die sessies te lei. Ons moedig jou aan om dit deur te lees en te hersien met elke nuwe leier voordat hy / sy die bespreking gaan lei.

1. **Onthou jy is nie alleen nie**. God weet alles van jou en Hy het geweet dat jy gevra gaan word om jou groep te lei.Dit is normaal vir ‘n goeie leier om nie gereed te voel om leiding te neem nie. God beloof: “Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.”(Hebreërs 13 : 5) Jy sal geseën word as jy lei, of dit nou vir een aand is, vir verskeie aande of vir ‘n leeftyd.

2. **Moenie probeer om dit alleen te doen nie**. Bid nou dat God jou sal help om ‘n gesonde leierskapspan te bou. As jy ‘n hulpleier kan aanwys, sal jy ‘n baie ryker ervaring beleef. Dit is jou kans om so veel as moontlik mense betrokke te maak om ‘n gesonde groep te bou. Al wat jy moet doen is om mense te vra om te help en jy sal verras wees oor die reaksie.

3. **Wees net jouself**. God wil jou unieke gawes en temperament gebruik. Moenie probeer om dinge presies soos ‘n ander leier te doen nie; doen dit soos dit jou pas. Erken as jy nie ‘n antwoord het nie en vra verskoning as jy ‘n fout maak. Jou groep sal jou so aanvaar en jy sal snags beter slaap

4. **Berei betyds voor vir die byeenkoms**. Hersien die sessie en die leier se notas en skryf jou antwoorde vir elke vraag neer. Gee spesiale aandag aan aktiwiteite wat van groepslede iets anders verwag as om aan besprekings deel te neem. Hierdie aktiwiteite sal julle groep help om wat die Bybel leer uit te leef, in plaas daarvan om dit slegs te bespreek . Maak seker jy verstaan hoe ‘n oefening werk. As die aktiwiteit een van die items in die Omgeegroep Bronne (soos die Doelgerigte Welstandswaardebepaling) behels ,maak seker dat jy dit deurgaan en weet hoe dit werk.

5. **Bid vir jou groeplede by die naam**. Bid vir elke lid in jou groep by die naam vir ‘n paar minute voordat jy jou byeenkoms begin. Jy kan die gebedslys elke week deurwerk. Vra vir God om die hart van elke persoon op ‘n unieke wyse aan te raak terwyl julle bymekaar is. Verwag van God om jou te lei sodat jy wie Hy wil, kan bemoedig of aanspoor op ‘n spesiale manier. As jy luister sal God verseker leiding gee.

6. **Wees geduldig wanneer jy ‘n vraag vra**. Iemand sal uiteindelik reageer. Soms het mense ‘n rukkie nodig om die vraag te oordink. As stilte jou nie pla nie, sal dit ook niemand anders pla nie. Nadat iemand geantwoord het, bevestig die reaksie met ‘n eenvoudige “dankie” of “goeie antwoord” . Vra dan , “Wat van iemand anders” of “Wou iemand wat nog nie sy antwoord gedeel het nie, iets byvoeg”? Wees sensitief vir nuwe of skugter mense wat nog nie gereed is om te praat, te bid of enige iets te doen nie. As jy hulle ‘n veilige omgewing bied, sal hulle mettertyd blom.

7. **Voorsien oorgange tussen vrae.** Vra of iemand die paragraaf of Bybelverse wil lees. Moenie iemand aanwys nie, vra vir ‘n vrywilliger en wees dan geduldig totdat iemand begin. Onthou om die persoon wat hardop gelees het, te bedank.

8. **Onderverdeel van tyd tot tyd in kleiner groepe**. Die GROEI en AANBIDDINGS-afdelings gee goeie geleenthede om in kleiner groepies te verdeel. Mense sal meer aanklank vind met die studie, vinniger toepas wat hulle leer en meer daaruit haal, as hulle in ‘n kleiner groepie is en die geleentheid gegee word om te praat. ‘n Kleiner kringetjie moedig ‘n stil persoon aan om deel te neem en neig om die effek van ‘n meer praterige of dominerende persoon te verminder.Kleiner groepies vergemaklik ook gebedstyd. Mense wat nie gewoond is om hardop te bid nie, voel ook meer gemaklik om te probeer bid met net twee of drie ander. Gebedsversoeke sal ook minder tyd in beslag neem, kringetjies sal dus meer tyd hê om werklik te bid. As die groter groep weer saam is, kan een persoon van elke kleiner kring almal op datum bring oor gebedsversoeke. Mense is meer gewillig om in kleiner kringetjies te bid en hulle weet die hele groep gaan al die gebedsversoeke hoor.

9. **Wissel fasiliteerders per geleentheid**. Jy mag perfek geskik wees om elke keer leiding te neem, maar jy sal ander help groei in geloof en gawes as jy hulle geleentheid gee om ook te lei. Jy kan die Groep Kalender op bladsy 48 gebruik om die name van die leiers vir elk van die ses sessies in te vul, as jy dit verkies

10. ‘**n Laaste uitdaging (vir nuwe of eerste-keer leiers)** : Voordat jy die eerste keer geleentheid het om te lei, lees eers elkeen van die vyf verse hieronder, deur . Lees elkeen as ‘n toewydingsoefening om jou te help om jou hart as herder voor te berei. Vertrou ons hiervoor. As jy dit doen, sal jy meer as gereed wees om jou eerste byeenkoms te lei.

    - Matteus 9 : 35-38
    - 1 Petrus 5 : 2-4
    - Filippense 2: 1-5
    - Hebreërs 10 : 23-25
    - 1 Tessalonisense 2 : 7, 8, 11-12

## GEHEUEVERSE

**Geheueverse** – een van die beste metodes om die beginsels wat ons in hierdie kursus leer , diep in ons harte te graveer, is die memoriseer van sekere kern skrifgedeeltes. Vir baie mense is memorisering ‘n nuwe konsep of dit was in die verlede moeilik. Ons moedig jou aan om jouself in te span om hierdie ses geheue- verse te memoriseer. Indien moontlik, memoriseer hierdie verse as ‘n groep en maak dit deel van julle byeenkoms.

“Aan U beloftes hou ek vas, dit weerhou my van sonde teen U.” Psalm 119 : 11

| | |
|---|---|
| **Week een**<br><br>God het ons gemaak wat ons nou is : in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.<br><br>Efesiërs 2 : 10 | **Week twee**<br><br>Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.<br><br>Markus 12 : 30 |
| **Week drie**<br><br>Net so is ons, al is ons baie,<br>in Christus een liggaam, en<br>almal afsonderlik lede van mekaar.<br><br>Romeine 12 : 5 | **Week vier**<br><br>Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Jesus Christus was.<br><br>Filippense 2 : 5 |
| **Week vyf**<br><br>Elkeen moet, namate hy ‘n genadegawe ontvang het, die ander dien.<br><br>1 Petrus 4 : 10 | **Week ses**<br><br>Tree met wysheid op teenoor die mense wat nog buite die gemeente is. Maak die beste gebruik van elke geleentheid.<br><br>Kolossense 4 : 5 |